

DINK HELDER OOR SEKS

*1Tess 4:3 “Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid.”
7 “God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe.”*

HOE OM REIN TE BLY IN ‘N SEKSMAL WÊRELD

1. _____ jou aan God se standard.

Ps 119:9 Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord!

God se Standaard:

Seks is net vir ‘n vrou en ‘n man aan mekaar verbind in ‘n huwelik!

2. Bewaar jou _____

Spr 4:23 “Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.”

Ps 101:3 “Ek haat wat verkeerd is. Dit mag geen houvas op my hê nie.”

2Tim 2:22 Vermy die begeertes wat 'n jongmens in gevaar bring, en streef na opregtheid, geloof, liefde en vrede, saam met almal wat uit 'n rein hart die Here aanroep.

Hoe gebeur sedeloosheid: *gedagtes...emosies...aksies*

- 1^{ste} Aanvaar sondige gedagtes in my kop
- 2^{de} Emosionele, nie-fisiese betrokkenheid
- 3^{de} Fisiese betrokkenheid
- 4^{de} Rasionaliseer my dade

3. Vermy geleentheid vir _____

1 Kor 10:12 “Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.”

1 Kor 15:33 “Moet julle nie langer laat mislei nie: ‘Slegte geselskap bederf goeie sedes.’

Ef 5:3 “Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie.

4. Beklemtoon die _____

Spr 6:32 “Maar 'n man wat owerspel pleeg, moet van sy verstand af wees, iemand wat dit doen, verwoes sy lewe.”

Spr 6:26 “Jy kan 'n prostituut kry vir 'n stuk brood, maar owerspel kan jou lewe kos.”

Hebr 13:4 “Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar, want ontugtiges en egbrekers sal onder die oordeel van God kom.”

DIE PAD TERUG NA REINHEID

1. Bely *Ps. 51:1-10*
2. Ontvang vergfnis *Ps. 32:1-5*
3. Herfokus en vervang *Rom. 13:13-14*
4. Vra elke dag hulp *1 Kor. 10:13*

1 Kor 10:13 “Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.”